



## **KERK EN VOLK**

### **DIE KOMENDE VOLKSVERKIESING:**

#### **'N "KERKLIKE SAAK" OF 'N "NIE-KERKLIKE SAAK"**

Die Volksraad Verkiesing Kommissie is dankbaar vir die predikante en kerkrade uit meerdere kerkverbande wat reeds besig is om hand aan die ploeg slaan ten einde ons komende volksverkiesing te help realiseer.

2. Soms gebeur dit egter dat hulp uit sodanige oorde geweier word, ook in gevalle van kerke wat op die oog af poog om 'n suiwer teologie in stand te hou - en die rede daarvoor word dan aangevoer synde dat die komende volksverkiesing wat die VVK besig is om te fasiliteer, nie 'n "kerklike saak" sou wees nie oftewel 'n "politieke aangeleentheid".

3. Die VVK se werksaamhede is wel toegespits op 'n uitkoms in ons volk se staatkundige omstandighede . Die vraag is of die staatkundige toekoms van ons Verbondsvolk 'n "kerklike saak" is al dan nie - veral in die haglike tyd waarin ons tans verkeer .

4. Kom ons oorweeg die volgende:

4.1 Indien lidmate volgens Gereformeerde opvattinge veronderstel is om God IN ELKE FASET VAN HULLE BESTAAN TE SOEK EN TE PROBEER BEHAAG: hoe kan sulke lidmate se Kerk homself van hulle staatkundige stryd distansieer - hierdie lewensfase wat tans letterlik 'n saak van lewe en dood vir die lidmate geword het? Dan word Kerk en Lidmaat tog met verskillende mates gemeet?

4.2 Kan die Kerk bly stilsit terwyl die een Goddelose wet na die ander elke dag in die Suid-Afrikaanse Parlement deurgevoer word, en tog steeds beweer dat Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nagevolg word? (Die bewoording van laasgenoemde word heel laaste hieronder verstrek).

4.3 Waarom sou 16 Desember 1838, wat voortgespruit het uit ons volk se drang na staatkundige vryheid, verder in en deur die Kerk herdenk word?

4.4 Het die Kerk dan slegs by sekere aspekte van sy lidmate se lewens 'n belang, terwyl ander aspekte (soos die Godsplan met ons staatkundige toekoms) oorgelaat word as 'n saak wat die "Verbondsvolk" met hulle "Verbonds-God" moet uitklaar, en liefs sonder om hulle Kerk in die proses te betrek?

4.5 Is dit nie SLEGS 'n Godswonderwerk wat ons volk uit sy "koma" kan skud en vir ons uitredding kan bring nie? Gewis. So was dit in ons verlede, en slegs so kan dit weer moontlik wees. Hoe JAMMERLIK egter dat die geïnstusionaliseerde Kerk in die verlede so dikwels geskitter het in sy afwesigheid juis tydens die Godswonderwerke van volksbestaan.

5. Trouens, tydens die Bloedrivier-gebeure was die volk, volgens die Kerk van die dag, op 'n sondige sending van owerheidsongehoorsaamheid; onder weiering van sakramentbediening; en daarmee effektiewelik onder Kerklike tug. 42 jaar later, toe volksgenote in diepe nood hulle leraars oproep om geestelik versorg te word in die stryd teen 'n onderdrukkende Britse wêreldmag, het slegs 'n enkele predikant uit die ganse Transvaal opgedaag. Nogtans het die Godswonderwerk by Majuba nie uitgebly nie, want God het uiteraard nie predikante nodig vir Sy uitreddingswerk nie.

6. Maar die tragiese is dat sulke voorvalle 'n wrang smaak in die mond agterlaat teenoor die Kerk by vele volksgenote: Die VVK word deur talle mense met hierdie feite gekonfronteer - nie net met 1838 en 1880 nie, maar ook met kerke van die jaar 2010 wat hulle weereens nie met 'n sogenaamd "onkerklike saak" soos ons volk se onafhanklikheid (en bygevolg, ons oorlewing) wil bemoei nie.

7. Dit lei tot wantroue, en uiteindelik dat sulke mense (wat geensins noodwendig "beter" of "slegter" as andere is nie) hulle rug draai op die geïnstusionaliseerde Kerk.

8. Laasgenoemde is, myns insiens, 'n bejammerenswaardige situasie:

8.1 Dit is tog in 'n erediens waar die gemiddelde volksgenoot (veronderstel is om) die vreugde van Skrifuitleg te ervaar.

8.2 Dit is tog in 'n erediens waar die gemiddelde volksgenoot die wonder van sakramentbediening ervaar.

8.3 Waar die gemeenskap van gelowiges in sulke groot getalle byeen is dat die Enige God onder musiekbegeleiding in 'n skare besing kan word; en

8.4 waar God opeens deur 'n ganse volk aangeroep kan word.

8.5 Waar ons kultuur van aanbidding gevestig is en in stand gehou word.

9. Daarom glo skrywer dat ons Kerk en volk bymekaar moet probeer hou; ook - EN VERAL - in die loop van ons staatkundige stryd. WANT ONS STAATKUNDIGE STRYD GAAN TOG IN DIE EERSTE PLEK DAAROM OM DEUR ONS EIE WETGEWING REGEER TE WORD WAT NIE IN KONFLIK IS NIE, MAAR JUIS OOREENSTEM met die Opperwetgewing van ons Hemelse Vader. Kan so-iets ooit 'n "onkerklike saak" wees? In Protestants-Gereformeerde tradisie is dit BY UITSTEK JUIS veronderstel om 'n kerklike saak te wees.

10. Uiteraard is die saak van ons oorlewing en onafhanklikheid allermins iets wat ons ewe gemaklik aan God en 'n leërskare engele kan oorlaat terwyl ons terugsit en wag vir die "vertoning" om te begin. God het ons die gewete, die gesonde verstand, die liggaamskragte en die middele geskenk om die werke uit te voer waarsonder die geloof dood is.

11. Die **GEWETE** dryf ons (juis ook as kerklidmate en derhalwe as 'n Kerksaak) om ons uit 'n bedeling te probeer ontworstel:

1.1 met 'n sogenaamde "volkslied" waarin 'n AFGOD aangeroep word (verseker is daardie "Nkosi" nie die God van Bloedrivier nie!!!);

11.2 waar ons kinders, bejaardes en broodwinners op plase, in dorpe en in stede opgekap en doodgemartel word;

11.3 waar ons vroue en selfs klein meisietjies en bejaarde grootmoeders barbaars verkrag en gemartel word;

11.4 waar ons werkloses - doelloos en moedeloos - se selfrespek en lewenskwaliteit in duie stort;

11.5 waar ons van aardse besittings maar erger nog, van geestesgoedere beroof word deurdat ons identiteit, selfrespek, en ons tradisionele norme- en waardesisteem op enige denkbare wyse aangeval, verdraai en belaster word;

11.6 waar meer as 'n half-miljoen van ons mense tot onder die broodlyn verarm is en deur ellende platgeslaan is of op talle maniere ontaard;

11.7 waar ons gebreinspoel word om te verbaster en te verheids op elke terrein denkbaar.

12. BY OORWEGING VAN DIE VRAAGSTUK OM KERKLIDMATE - EN DIE VERBONDSVOLK OOR DIE ALGEMEEN - AAN HIERDIE SIEK EN SONDIGE STAATKUNDIGE TOESTAND TE ONTWORSTEL, KAN TEOLOGIE EN KERK DUS NIE ONBETROKKE BLY NIE - hoewel ons Godgegewe **GESONDE VERSTAND** ons uiteraard ook by ander tersaaklike studieveld en instellings sal uitbring.

13. Een sodanige studieveld is die Volkereg. Hierdie regsisteem beklee alle volke op aarde (dus ook ons Verbondsvolk) met die reg op selfbeskikking, maar skryf ook voor wat 'n volk wie se reg op selfbeskikking geskend word, te doen staan ten einde daardie reg herstel te kry. Logies genoeg veronderstel dit in die eerste instansie dat so 'n volk oor 'n liggaam van verteenwoordigers beskik wat 'n mandaat van die volk ontvang het om herstel van die regsverbreking te eis. Omdat ons volk (genadiglik) nie 'n koningshuis het nie, sal daar slegs een verteenwoordigende liggaam wees wat oor so 'n mandaat van die volk kan beskik, en dit is 'n liggaam wat demokraties daartoe VERKIES is tydens 'n VOLKSVERKIESING. GEEN ander groep of frontorganisasie, klein of groot, KAN juridies gesproke oor die reg beskik om selfbeskikking namens ons volk te eis en af te dwing nie. Dit is dus irrelevant hoeveel verskillende "splintergroepies" bestaan, en of hulle in 'n "front" saamwerk of nie. Slegs 'n verkose liggaam kan ons verteenwoordig in die stryd om onder vreemde, Godlose oorheersing uit te kom.

14. Dit beteken NOODWENDIG dat daar 'n verkiesing binne ons volksgeledere gehou moet word en 'n verkiesing impliseer noodwendig dat dit deur "iemand" gefasiliteer moet word. Dit is presies waarmee die VVK besig is. Enige volksgenoot wat as kieser registreer, is beklee met die bevoegdheid om 'n Volksraad-kandidaat van sy of haar keuse te nomineer **op die basis dat so 'n persoon slegs in individuele hoedanigheid 'n kandidaat is en, indien uiteindelik verkose, as individu verkose sal wees. Geen politieke partye sal enige rol speel in die Volksraad wat verkies staan te word nie.** En soos die "*Independant Electoral Commission*" wat die verkiesings van die ANC-regime fasiliteer nie 'n party of politieke rolspeler in daardie verkiesings is nie, so is die VVK se Sentrale Komitee nie kandidate nie; en werf ons nie "lede" nie; en kan ons nie op enige ander wyse bevoordeel word by die komende verkiesing nie. **Die VVK is NIE 'n**

**politieke organisasie nie: Dit is 'n administratiewe liggaam wat die proses fasiliteer - soos voorgeskryf deur die Volkereg - vir 'n volk wat sy reg op selfbeskikking wil herstel.** Daarom kan die Kerk, of wie ookal, sy gewig by die proses ingooi sonder enige regmatige vrees dat aantygings van "politieke bevoordeling" in die proses teen die Kerk gemaak kan word.

15. En dit is die **WERKE** wat op hierdie stadium van die proses benodig word, terwyl die magte van Satan alles in hulle vermoë doen om ons volkstryd dood te swyg of teen te staan: Dat ons Verbondsvolk-instansies, en ook die kerke van die Verbondsvolk, soveel moontlik van ons mense blootstel aan die keuse en 'n geleentheid om te registreer op die volkskieserslys. Skrywer glo met hart en siel dat daar 'n oorblyfsel in hierdie volk uitverkies is, van voor die grondlegging van die wêreld af, wat steeds die God van Bloedrivier smee om uitredding in die stryd van vandag; en dit ook sal ontvang - wat die stroom humaniste en sogenaamde "liberaliste" ookal dink of redeneer.

16. Dit is die Kerk se besluit, of hy deel van hierdie noodlotsweg gaan wees; en of hy weer - soos in die geskiedenis - 'n omstander gaan bly. Indien die Kerk die verkeerde besluit neem, sal hy nie die Verbonds-God nie, en ook nie die Verbondsvolk wat in Sy hande is, benadeel nie - die Kerk sal net homself benadeel. Vir redes reeds hierbo gemeld, hoop skrywer dat die Kerk anders sal optree as in die vorige noodlotsure van ons volk.

Met broederlike groete,

Paul Kruger

Voorsitter: Sentrale Komitee, Volksraad Verkiesing Kommissie

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Aangeneem op die Sinode van Dordrecht, 1618-1619.

"Ons glo dat ons goeie God - vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag - konings, vorste en owerhede verorden het, en **dat dit Sy wil is dat die wêreld regeer moet word deur wette en staatsinstellings, sodat die wanordelikheid van die mense bedwing kan word** en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. **Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf** (Rom. 13:4) **en dié wat goed doen te beskerm** (1 Pet. 2:14). **En hul opdrag is om nie alleen ag te gee op- en te waak oor die staatsinstelling nie, maar ook om die heilige bediening te handhaaf, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdien, om die ryk van die Antichris ten gronde te rig en die koninkryk van**

**Jesus Christus te bevorder**, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in Sy Woord beveel. Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, rang of status hy ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon **en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie**; vir hulle voorbidding te doen, sodat dit die Here mag behaag om hulle te rig in al hul weë en **sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle Godsvrug en waardigheid** (1 Tim. 2:1-2).

*(Opmerking: Vir enige mens wat kan hoor en sien is dit duidelik dat die owerheid wat ons tans regeer, JUIS DIE TEENOORGESTELDE IS EN DOEN as wat Bybels en in Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwag word van 'n owerheid waaraan 'n kind van God onderdanig kan en moet wees. Soos Petrus aan die Joodse Raad verduidelik het, kan en mag ons nie MEER gehoorsaam wees aan enige mense as aan God nie).*